

# HONDE OP DIE STRAND



## Algemeen

Om met jou hond op die strand te stap kan 'n wonderlike ervaring vir julle beide wees. Dit bly egter steeds 'n voorreg en nie 'n reg nie.

Daar is reëls wat nagekom moet word ten einde te verseker dat alle strandgebruikers hulle strandervaring geniet.

Onthou dit is altyd die uitsonderings wat 'n heerlike ervaring vir honde en hulle eienaars bederf deur nie binne die reëls te bly nie.

In buite seisoen tye bly plaaslike inwoners binne die reëls en word geen probleme ondervind nie.

Daar is in die verlede vele klagtes ontvang dat honde wat los op die strand rondhardloop aggressief is en selfs mense aanval.

Daar is ook klagtes dat eienaars nie hul honde se ontlasting optel nie. Daar word 'n dringende beroep op honde eienaars gedoen om nie ontlasting agter te laat nie. Dit is 'n belediging vir ander strandgebruikers, gevaarlik vir kinders en verhoog die risiko dat honde totaal op strande verbied sal word. Dit beïnvloed ook die seelewe en waterkwaliteit. Honde ontlasting verdwyn of spoel nie net weg nie! Dit kan tot 'n jaar neem om ten volle af te breek en bevat *E. coli* en ander gevaarlike bakterieë insluitend *faecal coliform* bakterie wat ernstige nier en ingewandsiektes, krampe en diarree in mense kan veroorsaak.

Een gram honde ontlasting bevat 23 miljoen *faecal coliform* bakterie, byna 2 keer soveel as menslike ontlasting. Mense wat in aanraking kom met honde ontlasting kan siektes soos *campylobacteriosis*, *salmonellosis* en *toxocarisis* opdoen wat maagkrampe, koors, hoes en moontlike permanente sigskade kan veroorsaak.

Meermale bevat dit ook rondewurm larwes wat blindheid kan veroorsaak. Indien 'n mens rondewurmlarwes inneem kan dit deur die liggaam migreer en siektes van die brein, longe niere lewer hart en oog veroorsaak.

# HONDE OP DIE STRAND IN OESTERBAAI (BINNE SEISOEN)

Honde word op die strand toegelaat onderworpe aan die volgende:

Tussen 07h00 en 17h00 moet honde, tussen die rotse aan die ooste- en die groot duin aan die westekant van die strand, aan 'n **leiband** wees. Die leiband moet nie langer as 2 meter in lengte wees nie.

Te alle ander tye mag honde vry rond beweeg solank sodanige diere onder **effektiewe beheer** van die eienaar/hanteerder is.

## **Effektiewe beheer veronderstel die volgende:**

Die hond moet **voortdurend binne sig afstand** wees.

Die eienaar/hanteerder moet die hond **te alle tye kan beheer**.

Die hond mag nie na ander mense/diere hardloop sonder toestemming nie. Dit beteken jou hond moet **gehoorsaam** wees, doen wat jy sê en belangrikste van alles **onmiddellik op jou bevel terugkom na jou toe wat ook al die omstandighede**.

Die hond mag nie ander **strandgebruikers pla** of teen hulle **opspring** nie – veral nie teen klein kinders nie.

Die hond mag **nie aggressief optree** teenoor ander diere/mense nie.

Die hond mag nie op **klere en handdoeke urineer** nie.

Die hond mag **nie onbeheers rondhardloop** en die risiko loop om in iemand vas te hardloop nie.

Die hond mag **nie seevoëls jaag** nie.

**Honde ontlasting moet opgetel word** en in 'n plastiek- of ander sakkie weggeneem word.

**NB!! Indien jy nie seker is dat jou hond aan die bogenoemde kriteria kan voldoen nie, mag dit beteken dat vir jou hond om onder effektiewe beheer te wees, hy aan 'n leiband moet wees te alle tye.**

**WEES ASSEBLIEF 'N VERANTWOORDELIKE HONDE EIENAAR!**